# KINDERK LES: Kwaadword

**Doel van les:**

Vandag leer ons dat as ons sê ons is sout vir die wêreld, ons stadig moet wees om kwaad te raak en nie uit woede optree nie.

**Ysbreker 1: Acting out: Lees maniere hoe mense wys hulle is kwaad en laat die kinders dit uit "act"**.

- Soms wanneer mense kwaad raak, skree hulle op ander. Kom ons skree almal: Ek is kwaad!
- Soms wanneer mense kwaad is, gooi hulle tantrums. Ek gaan tot drie tel en dan gooi ons almal 'n tantrum. 1, 2, 3!
- Partykeer wanneer iemand kwaad is, vou hulle hulle arms en sit dikmond. Kom ons doen dit gou.
- Soms wanneer ons kwaad raak, maak ons ander seer en dis beslis nie wat ons moet doen wanneer ons sê ons is sout nie. Dan moet ons gaan jammer sê. Kom ons sê almal saam jammer.

**Sê:** Vandag gaan ons bietjie praat oor wat ons moet doen wanneer ons kwaad raak. Die Bybel sê dat kinders van Jesus nie moet sonde doen wanneer ons kwaad raak nie. Al is dit hoe moeilik.

**Vrae:**

- Wie het al so kwaad geraak dat hulle 'n muur kon skop?
- Wie het al so kwaad geraak dat hulle 'n kussing kon slaan?
- Wie het al so kwaad geraak dat hulle warm in die gesig gevoel het en sommer begin bewe het?

**Illustrasie**: Vir die illustrasie het jy die volgende nodig: 'n deurskynende glas, skottelgoed opwasmiddel, 2 eetlepels koeksoda, asyn, voedselkleursel, warm water en 'n skinkbord.

**Sê**: Wanneer ons kwaad raak en sommer wil baklei en skree of tantrum gooi kan dinge 'n groot gemors raak. Ek wil julle wys wat ek bedoel.

Sit die skinkbord op 'n tafel om die water wat gaan oorvloei op te vang. Sit die glas in die middel van die pan neer en maak dit amper heeltemal vol met warm water. As jy wil kan jy so twee druppeltjies voedselkleursel ook ingooi. Voeg nou drie tot vier druppels van die skottelgoed opwasmiddel in. Sprinkel twee eetlepels koeksoda by. Hier kom die wow gedeelte: Gooi nou asyn in. Die konkoksie sal begin borrel en oorborrel.

**Sê:** Kyk net hoe lyk dit. Nou is dit een groot gemors wat ek moet skoonmaak. Net so as ons kwaad raak en ander seermaak, skree en tantrum gooi, is dit 'n gemors. God wil nie hê dat ons mekaar moet seermaak nie. Nie met ons woorde of dit wat ons doen nie.

Die Bybel sê dat wanneer ons kwaad raak moet ons nie sonde doen nie. Maar hoe dink julle gaan ons dan kan maak om nie sonde te doen nie?

- Deur weg te stap as 'n maatjie my kwaad maak en nie te baklei of vloek nie.
- Deur Jesus te vra om my te help om nie vinnig kwaad te raak nie en my ook te help om nie sonde te doen wanneer ek wel kwaad raak nie.

Kom ons sit nou in ons groepies en ons elkeen bid dat Jesus ons sal help om nie so vinnig kwaad te raak nie en dat wanneer ons dalk wel kwaad raak, dat ons die regte ding sal doen.

Sluit af in groepe met gebed.